# DIE MUSEUM SE EIE DRUKKERY

ARGEOLOGIESE NAVORSING

VAN DIE

**Nasionale Museum,**

BLOEMFONTEIN


Deel I. Eerste Stuk.

DIE KONINGSE KULTUUR.

I. DIE KONINGSE INDUSTRIE

DEUR

DR. IR. E. C. N. VAN HOEPEN, M. L.



Bloemfontein 10 September 1928

Gedruk en uitgegee deur die museum.

Op 10 September 1928 het die Nasionale Museum geskiedenis gemaak deur sy eerste publikasie eiehandig te druk en uit te gee. Die afbeelding hiernaas is van die titelbladsy, een kwart oorspronklike grootte, van hierdie eerste publikasie.



*Dr Chris Engelbrecht*
*Assistent-Direkteur*

Toentertyd is die drukwerk op 'n tweedehandse masjien gedoen en die Direkteur, Dr E.C.N. van Hoepen, en sy seuns het self vakman gespeel. Vir meer as dertig jaar daarna het die Museum self al sy navorsingsresultate gedruk, maar mettertyd het die drukpers té oud geword om goeie gehalte werk te lewer en die tweede Direkteur, Dr A.C. Hoffman, het besluit om van handelsdrukkerye gebruik te maak.

In die afgelope paar jaar het die Museum se toelae van die Staat nie tred gehou met die geweldige toename in drukkoste nie, en die situasie is vererger deur die feit dat die Museum nou 'n veel groter navorsingspersoneel het, en gevolglik baie meer publikasies per jaar moet laat verskyn. Onder hierdie omstandighede is besluit om die aansienlike kapitaaluitgawe aan te gaan, moderne apparaat aan te koop en weer self al die drukwerk te doen. Die hele drukkery word deur die bestaande personeel van die Museum behartig, onder die wakende oog van die Assistent-Direkteur, Dr Chris Engelbrecht, wat ook redakteur van die Museum se navorsingspublikasies is.

## nuwe personeellede



*Mev. Rothea van Biljon (Tikster)*



*Mej. Hanelien Sander (Tikster)*



*Mej. Marietjie Joubert (Historikus)*



*Mev. Alet Venter (Paleontologie-assistent)*



*Mnr. Eddie Bubb (Voorradebeampte)*



*Mnr. Alwyn Smit (Opsigter)*

HANDMADE LACE

In the previous issue of this Newsletter the hope was expressed that some organization or person will purchase the precious pieces of handmade lace from the Anglican Church of Bloemfontein and donate the lace to the Museum. The lace was found quite recently found by the Very Reverend A.H. Cross in a box behind the altar in the Cathedral.

We are grateful to the following persons and organizations for contributing towards the "Lace Fund", which enabled us to acquire this for the Museum collection:

S A Art Association, Bloemfontein Branch
Ladies of the Medical Faculty, U.O.F.S.
Father F Claerhout
Mr Brian Cooper
Mr E G Cooper
Mrs J Fischer
Dr John Groenewald
Mrs R K Groenewald
Mr & Mrs G Hanger
Mrs Louis Israel
Messrs Naude & Naude Van de Wall & Partners
Mr A Prinsolino
Messrs Roderick & Botha
Mrs D Scott
Mr F Siebert

Suidwes, oftewel Namibië, is deesdae baie in die nuus en om hierdie rede het ons die Etnoloog, Etienne du Pisani, self 'n gebore en getoë Suidwester, gevra om een en ander oor dié land te skryf. Suidwes is driekwart so groot as die Republiek en word deur 'n verskeidenheid volkere bewoon. Die meegaande artikel handel oor die Dama, waaroor Etienne self navorsing gedoen het. Naas die Wambo's en die Blankes is hul die grootste bevolkingsgroep in die gebied.

Die Dama is 'n Namasprekende negroïede groep wat wydverspreid in die gebied woon. Na raming is daar sowat 79 500 Damas, wat 8,5/ van die totale geskatte bevolking van 931 000 verteenwoordig.

Navorsing is veral gedoen langs die Ugabrivier, ten noorde van die Brandberg. Dit is 'n droë gebied met 'n jaarlikse reënval van nagenoeg 50mm (twee duim) en dit is dus vir die Dama uiters belangrik om die beste moont-



*Etienne du Pisani*

# DIE ERFGENAME VAN SUIDWES



*Links: 'n Dama-seuntjie van die Ugab-omgewing.*

*Regs: 'n Onbewoonde hut. Hierdie tipe hutte is gemaak van droë basstroke wat met 'n mengsel van sand en mis bedek word. Vandag word hierdie hutte toenemend deur vierkantige sinkstrukture vervang.*

*Onder: Hutte met die Brandberg in die agtergrond. Let op na die vuurmaakplek, bokkraal en die tabaktuintjie (links voor op foto).*



